# Inheemse Spoor

Celebrating San & Khoi Indigenous Knowledge

Uitgawe 4 (van 'n reeks van 4) 'n Publikasie van die Rooibos-trust Maart 2021



**HIGH LEVEL MEETING:** President Cyril Ramaphosa and National KhoiSan Council chairperson Cecil Le Fleur (centre), supported by NKC council members Frans Kraalshoek and Anthony Peterson (right) with Cooperative Governance Deputy Minister Obed Bapela and Director General Joseph Mashwahle Diphofu (left) after discussions on the recognition of the Khoi-San in South Africa.

# Nuwe uitdagings op pad na erkenning

ZENZILE KHOISAN

Die grondwetlike erkenning van die Khoi en San-leiers is 'n geweldige en gewigte saak en besluite wat geneem word in die forums soos die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers sal uiteindelik bevestig of ons die historiese take wat op ons skouers geplaas is, suksesvol afgehandel het.

Só het Cecil le Fleur, voorsitter van die Nasionale KhoiSan Raad (NKR), op 10 Maart vanjaar tydens die opening van die Huis van Tradisionele Leiers in die Parlement gesê, in die teenwoordigheid van ondere die President, Cyril Ramaphosa.

"Wat betref die nuwe Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap (Wet 3 van 2019) moet ons kennis neem dat dit 'n lang en harde stryd was van die Khoi en San-afstammelinge van ons land om erkenning te kry en te voel dat die Grondwet van die land ook op hulle van toepassing is," het Le Fleur gesê.

Hierdie wet tree op 1 April 2021 in werking.

Hy het die Huis ingelig dat die amptelike proses om erkenning reeds in 1995 begin het toe die Khoi en San-leierskap, met die mandaat van die KhoiSan-volk, oud-president Nelson Mandela gaan spreek het oor die grondwetlike akkommodasie van die Khoi en San in Suid-Afrika.

"Al is dit 26 jaar later, verwelkom ons die nuwe wet wat erkenning gee aan ons inheemse volke en sien ons dit as 'n belangrike aanwyser op die pad na die herstel van Khoi en San-afstammelinge.

"Maar nou moet ons nie ons oë van die wenpaal wegneem nie, maar doelbewus die tweede fase van die mandaat vir grondwetlike akkommodasie aanpak."

Hierdie tweede fase van die oorspronklike NKR-mandaat behels die voorbereiding van gemeenskappe op grondvlak sodat hul sal voldoen aan al die vereistes vir erkenning.

Die NKR sal ook geraadpleeg moet word oor die verwysingsterme en die samestelling van die kommissie wat verantwoordelik sal wees vir die evaluering of goedkeuring van aansoeke om erkenning.

Le Fleur, wat die kleinseun is van die Griekwa-held, Andries Abraham Stokkenstroom, het in sy toespraak ook ander belangrike kwessies aangespreek waardeur die land tans gebuk gaan, onder meer die Covid-19 pandemie asook die ander "pandemie", naamlik geslagsgebaseerde geweld in ons land.

"Die Covid-19 pandemie is die verskriklike stille sluipmoordenaar wat erge gevolge vir al ons mense inhou, en namens die NKR, en die groter Khoi en San-volk wil ek ons innige meegevoel uitgespreek aan die naasbestaandes van almal wat deur die pandemie van ons weggeneem is."

Le Fleur het ook die ondersteuning van die inheemse Khoi en San-leierskap belowe en gesê, "ons almal moet in hierdie oomblik saamstaan, en die Khoi en San-leierskap staan ook gereed om deel te wees van die oplossing deur te dien op die Nasionale Koronavirus Bevelsraad".

Die ander groot pandemie waarmee ons in die land sukkel, is die euwel van geslagsgebaseerde geweld, "wat verwoesting saai dwarsoor ons land".

"Dié pandemie voer 'n skrikbewind uit en bring 'n klimaat van terreur en vrees onder die vroue en kinders van ons land.

"Die Khoi en San-leierskap veroordeel enige vorm van geslagsgebaseerde geweld ten sterkste en ons eis dat hierdie barbaarse geweld teen vroue en kinders vir eens en altyd stopgesit word."

Le Fleur het verder hulde gebring aan die KhoiSan-vegters vir hul harde werk en deursettingsvermoë en wat dit moontlik gemaak het dat die mylpaal van erkenning uiteindelik bereik is.

"Baie dankie vir jul getroue en standvastige diens aan die volk. Ons visie was dat hierdie 'n tweeledige proses moet wees.

"Die eerste been van hierdie proses wat die raamwerk vir die erkenning van die Khoi en San-leierskap sou wees, is met Wet 3 van 2019 verwesenlik."

Vervolg op bl. 2

## 'Govt will walk with KhoiSan' Ramaphosa

A major breakthrough was achieved by senior leaders of the National KhoiSan Council (NKC) when they were invited by Pres. Cyril Ramaphosa to an official meeting, on 11 March, at the Tuynhuis presidential residence.

The presidency delegation was composed of the head of state, as also the deputy minister of traditional affairs, and the director general of the department of cooperative governance and traditional affairs.

Indigenous leaders present at the Tuynhuis meeting were NKC chairperson Cecil le Fleur, deputy NKC chairperson Anthony Petersen and NKC secretary Frans Kraalshoek.

The meeting with the president and his team followed directly after both Le Fleur and President Ramaphosa had addressed a sitting of the National House of Traditional Leaders, where Le Fleur lauded the president for the leadership he had demonstrated in taking concrete steps for the Khoi and San to be officially recognised.

The meeting with the presidency occurred just ahead of the commencement of the Traditional and Khoi-San Leadership Act, which becomes effective on 1 April.

This Act, for the first time since democracy, provides a legal pathway to formal recognition to the Khoi-San leadership.

Pres. Ramaphosa applauded the Council for its efforts over many years to ensure recognition of the status of the KhoiSan. He reaffirmed government's commitment to ensure the effective implementation of the Act and the integration of the Khoi-San into traditional leadership structures.

"This marks the start of a new era for the development of the Khoi and San of South Africa. This is a path that we must walk together," President Ramaphosa said.

Among a range of urgent matters discussed were transitional issues during implementation of Act 3 of 2019, as also the need for members of Khoi-San communities to be involved in land reform programmes and rural economic development.

Continued on pg 2



Stel alle aanbevelings van MRK in 4



!Gâi tse Gûre Koning Katz 9



Gemeenskap inligting sessies 5

## NKR-Kontakte


**Frans Kraalshoek:** Free State Representative – Griqua
190 Garden Road
Bloemfontein 9306
Cell: 073 251 9090

**Gabriel Marais:** KZN Representative – Griqua
Rooi Poort Plaas
Greater Kok Stad Municipality
4700
Cell: 083 703 9405

**Corneels Links:** Kharkams Northern Cape – Nama
Hoofstad 249
Kharkams Northern Cape
Cell: 078 498 5564

**Anthony Petersen:** Free State – Korana
18 Hennie Street
Heidedal, 9306
Bloemfontein
Email address: jaftaza@yahoo.com
Cell: 084 253 4393

**William Langeveldt:** Vryburg Representative – Korana
(residing in Cape Town)
26 Ravel Road
Steenberg, 7945
Cell: 072 940 8380

**Cecil le Fleur:** Matzikama District Cape Town – Griqua
Binnesingel 31, Vredendal, 8160
Alternative address: Matzikama Municipality, Kerk Straat
Vredendal
Cell: 083 234 5501

**Gert Joel Links:** Kuboes – Nama
Plot 144, P.O. Box 151
Kuboes, 8292
Cell: 066 545 8585

**Chantal Revell:** Cape Town Representative – Korana
15 Blagden Street, Cafda Village
Retreat, 7495
Cell: 067 817 9337

**Johannes Waterboer:** Griekwa Stad Noord-Kaap – Griqua
Water Straat 3
Griekwa Stad, 835
Cell: 083 732 6819

**Stanley Peterson:** Upington Northern Cape – Griqua
Plot 18465
Khoisan Valley Rosedale
Upington, 8801
Cell: 073 029 9956

**Johannes Maarman:** Eastern Cape – Korana
Rooikloof Straat 558
Patensie, 6335
Cell: 074 872 6829

**Louisa Williams:** Kimberley – Korana
23 Debbie Court
Roodepan, Kimberley, 8301
Cell: 073 293 9467

**Margaret Coetzee:** Eastern Cape – Cape Khoi Inqua
33 Montague Road, Booysen Park, Port Elizabeth, 6059
Cell: 076 552 4723

**Moira Daya:** Gauteng – Cape Khoi
Cell: 084 680 7779

**John van Rooyen:** Gauteng – Bushmen
Cell: 078 326 5394

**Anthony le Fleur:** Western Cape – Griqua
Cell: 082 555 6381

**Chief Poom Mooney:** Oudshoorn – Cape Khoi Attaqua
Cell: 083 590 2740 / 044 272 2848

**Johan George:** Eastern Cape – Korana
063 318 9271

**Paul Pienaar:** – Griqua
084 312 6946

**Cedric Witbooi:** – Nama
082 955 7789


# Now, is the time to take our rightful place




**ZENZILE KHOISAN**

How incredible it is, when we suddenly become aware that a new era has dawned, a completely new moment in the life of our people is upon us, and we realise that it is now our time, to shine, to take our rightful place in this ancient land of our ancestors.

This is our time, nation time, a time when our long history of sacrifice, of oppression, of genocide, of dispossession, of dispersal, identity theft, language suppression, economic, cultural and social marginalisation and the theft of our birthright is all about to shift; to change.

There are those who think that the Traditional and Khoi-San Leadership Act (Act 3 of 2019) is a complete waste of time, a betrayal of what we have been fighting for and yet another of the schemes of the South African government to side-step its responsibilities to the Khoi and San peoples of this country.

Those views are legitimate and must be taken into account. However, what cannot be discounted, taken for granted or dismissed out of hand is that this Act, which becomes effective on 1 April 2021, will, for the very first time, provide a legal pathway through which Khoi and San leaders can be officially recognised. It's a legal mechanism through which it will no longer be possible to pretend as if the Khoi and San do not exist.

This news is bittersweet, for we now have just laid to rest King Josiah Katz, and before him, San leader, Oom Dawid Kruiper, brilliant and beautiful leader of the San in the Kalahari, and before that so many other leaders who strove to see this moment, to realise a time when the First Indigenous People of this country, will begin the process of taking their rightful place in the land of their forebears.

These leaders, and hundreds of others who were deeply involved in the battle for recognition, restoration and restitution did not make it to this time, when the justness of our cause would triumph over our detractors, when we would stand at the very edge of time, with our destiny in our own hands.

This time, the heralding of our release from our bondage of generational curses, the cracking of the wall of resistance of those who dishonoured our forebears by stripping their identity away and labelling them coloured; those who have usurped the lands that are our birthright; those who twisted the narrative so that the Khoi and San were written out and erased – all of that now will change.

In this edition of Inheemse Spoor, we again bring the news that the stronghold are breaking, that our knowledge rights are being asserted, that our people are now on the march to nation time.

We bring news that our leaders have met with the President and that he has heard our cry and is ready to walk the journey into the brave new world of tomorrow.

What we ask now is that our people properly prepare, and vigorously assert their right to be recognised.

What we ask is that the commission that will facilitate the recognition process act fairly and act with foresight and sensitivity in evaluating the recognition applications.

We also ask that the structures such as the NKC and other representative bodies of our people be given the proper and adequate resources to fully prepare our leaders and communities for recognition and that they are able to have oversight over the implementation of the Act.

Indeed, sisters and brothers, we are witnessing a time when we will rise as a suppressed people and claim that which has been promised.

# Govt will walk path with KhoiSan

Continued from pg 1

Speaking with Inheemse Spoor after the Tuynhuis meeting, a very upbeat Le Fleur described the meeting as "very positive and very fruitful".

"The president was very supportive of the need to have a properly managed transitional process, in which the NKC would oversee the interim period between commencement of the Act and final recognition of Khoi and San leaders. He had given instruction to Joseph Mashwahle Diphofa, director general of the department of traditional affairs, specifically on extending the mandate of the NKC for the duration of this period," Le Fleur stated.

The NKC chair explained that the journey toward recognition began officially in 1995, under President Nelson Mandela, when the NKC was formed, to serve as the body that has the mandate of the Khoi and San people, to work with government to achieve constitutional accommodation.

Act 3 of 2019, he said, completes one part of that mandate in that the Act is promulgated and proclaimed and will go into effect on 1 April 2021.

"The Traditional and KhoiSan leadership Act is viewed by us and by the vast majority of our people as a watershed achievement, for it sets a legal pathway for the recognition of Khoi and San leaders in this country. It is a legal instrument through which the leaders of the Khoi and San South Africans can be recognised.

This is a critical achievement and it leads us through a legislative process through which the intent of the framers of the Act has to be realised within three years.

"In this instance we therefore enter a new, complex terrain, which our people will have to navigate carefully if they are to achieve what is promised in the law," he said.

Having faithfully discharged the first leg of the NKC mandate, Le Fleur went on to explain that "the second part of our mandate is to ensure that constitutional accommodation is fully realised and that what is law is actually fully implemented."

He pointed out that one cannot ignore what occurred in the past.

"We have to be mindful of the history of brokenness that our people have endured, even the bludgeoning injustice of being made invisible for 25 years of this democracy.

"We are aware that our people have endured a history of sleight of hand, and of broken promises, so even as they celebrate this watershed victory, they still exist in a space where they, as descendants of the foundational Khoi and San, are not recognised."

"After our meeting with President Ramaphosa, we are confident that he has heard and understood our concerns, and will ensure that we can complete the journey to full recognition."

"For us it will be necessary to fully empower the NKC with proper and appropriate resources to play a meaningful transitional role, to ensure that there is oversight over the legislative process and that we are consulted on the terms of reference of the commission charged with recognition.

"In this way we will be able to prepare all our Khoi and San communities so that they can meaningfully participate in the legislative process to recognition, having been fully prepared," he stated.

The NKC chairperson stated that other core questions, had also been discussed during the meeting, including Khoi and San participation in a presidential summit related to the land issue.

"The president was very eager to engage on the land issue, which is of paramount concern to our people," Le Fleur added.

# Blokkie vir Khoi-San kom op sensus-vorm

In die sensus in Oktober vanjaar gaan die Khoi-San uiteindelik die keuse het om hul merk in die KhoiSan-blokkie op die vorm aan te bring.

Hierdie is nog 'n bewys dat die veldog vir die bewusmaking van die Khoisan-herlewing besig is om die regering te beinvloed oor die kwessie van hul identiteit.

Die skeldnaam Kleurling sal steeds op die vraelys verskyn, maar weens die intensiewe stryd teen die Kleurling-rasse-klassifikasie deur inheemse leiers en aktiviste het die regering besluit om mense die keuse te gee om hul merk te maak in die Khoi-San blokkie om hul ras aan te dui.

Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, Nkosazana Dlamini-Zuma, het hierdie feit bekend gemaak toe sy in Parlement skriftelik geantwoord het op 'n vraag van Denis Joseph, wat namens Khoi-San aktiviste die vraag oor rasse-klassifikasie aan die minister gerig het.

"Inheemse aktiviste het hul ontevredenheid oor die die woord Kleurling, wat hul beskou as vernederend, uitgespreek. Hulle eis dat Kleurling geskrap moet word en vervang word deur Khoi-San, wat 'n beter beskrywing van hul identiteit is," het die minister gesê.

# Nuwe uitdagings

Vervolg van bl. 1

"Nou moet ons eers ons aandag vestig op hierdie proses, wat binne die volgende twee jaar afgehandel moet word, sodat wat met die wet beoog word, verwesenlik kan word."

Volgens die bepalings van Wet 3 van 2019 sal daar 'n kommissie aangestel word om die proses van erkenning van Khoi en San inheemse leiers te dryf en sal hulle binne twee jaar hul mandaat moet afhandel.

"Daarna volg die tweede been van ons mandaat, wat sal plaasvind op 'n moeilike terrein, en waar ons versigtig sal moet trap.

"In hierdie opsig vra ons dat die Suid-Afrikaanse regering in ag moet neem dat ons as volk 'n geskiedenis het van gebreekte beloftes, en dat daar groot stilswye was oor ons identiteit in Suid-Afrika vir 25 jaar van demokrasie," het Le Fleur gesê.

"Om hierdie rede vra ons dat die regering die pad saam met ons moet loop om die volle mandaat te voltooi, en om die NKR te versterk met regte en waardige hulpbronne om 'n betekenisvolle rol te speel in die oorgangsfase, om ons mense op grondvlak ten volle voor te berei vir die proses.

Ons vra ook vir deursigtigheid in terme van die kommissie wat die proses sal hanteer," het die NKR-voorsitter bygevoeg.

## Boodskap van die voorsitter – Chief Johannes Maarman

# Werk om uit te kom by benefit-sharing



CHIEF JOHANNES MAARMAN

As Voorsitter van die Rooibos Khoi-Khoi Diversity Trust wil ek net weer eens dankie sê vir ons mense se geduld om te wag vir die Trust om te begin werk aan ons mense se sake.

Ek wil ook graag net aan elkeen wat 'n geliefde verloor het weens Covid-19 of wat nog siek is weens die virus, sterkte toewens en ons meegevoel betuig.

Soos ons weet is dit onder moeilike omstandighede wat ons bly en moet werk as gevolg van die pandemie.

Die Trust is baie hard aan die werk om so gou moontlik by Benefit Sharing uit te kom.

Ongelukkig was daar dinge wat dit verhinder het om vinniger te gebeur wat buite ons beheer was . Die oogmerk en doelwit is nog steeds om alles so gou as moontlik tot 'n punt te bring.

My voorneme nou is om weekliks met die prokureurs en Natural Justice dinge te dryf om alle hindernisse uit die weg te ruim.

Ons vra verskoning dat dinge nie so vinnig beweeg het soos ons gedink het nie, maar sodra dinge in plek is sal ons spoedig na julle terug kom.

In die lig daarvan dat die Tradisionele en Khoi-San Wet ook op 1 April 2021 inwerking sal tree, wil ons graag so gou moontlik hiermee klaar kry omdat die boegoe onderhandelinge ook sterk oppad is.

Die ernstigste is om so gou moontlik die voordele by ons mense te kry en ek en die span sal nie rus voor dit nie gebeur het nie.

Die tyd om voordele by ons mense uit te kry is lankal verby. Nou moet dit net gedoen word.

Baie dankie dat julle verstaan waardeur ons moet gaan om by die voordele verspreiding uit te kom.

Ons is ook baie bly en trots om so koerantjie te kan hê om ons mense ingelig te hou met verwikkelinge. Ons waardeer dit.

Ek wil ons mense net verseker dat al moet ek vir dae en nagte besig wees met die Departmente en Natural Justice, sal ek dit doen ter wille van my mense.

Groete en sterkte. Ons sal so gou moontlik by julle uitkom met antwoorde sodra ons dit het, maar die einddoel is om ons mense se omstandighede te verlig.

# Khoi-San vier Vryheidsdag op Upington

Op Donderdag 1 April 2021, sal die KhoiSan Vallei, in Upington in die Noord-Kaap dreun met die geluid van die gejuig van Khoi -San vroue, kinders en mans wat, 'n geskiedkundige dag van verlossing vier.

Volgens die organiseerders sal daar op hierdie dag gebede van danksegging gebring word vir die nuwe dag wat aangebreek het in die geskiedenis van die kinders van die eerste inheemse nasies van Suid-Afrika.

"Op hierdie geskiedkundige dag dag, wanneer die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap van krag word, vier ons die feit dat vir die eerste keer sedert kolonialisme en apartheid en die eerste kwarteeu van demokrasie in die land, ons ampelik erken word," het Prins Stanley Peterson, inheemse leier in op Upinton gesê.



"Ons ouer mense se trane het gevloei soos water toe hulle hoor ons word uiteindelik erken, want ons vryheid was nie goedkoop nie.

"Ons was vermoor en gemartel. Daar is talle ontstellende stories van hartseer, swaarkry, pyn en lyding wat ons deurgemaak het in die land van ons voorouers."

Prins Peterson vertel dat die Noord-Kaap die tuiste is van vier van Suid-Afrika se inheemse hoofgroepe.

Ons geskiedenis en identiteit het oral diep wortels, dwarsdeur Griekwastad, Boesmanland, Namakwaland, die munisipaliteite van die Namakhoi, Dawid Kruiper, !Kai Garib, !Kheis, Pofadder, asook Springbok."

"Die Noord-Kaap is die provinsie van lig wat Suid-Afrika laat skyn en skitter.

"Die eerste elektriese krag in Suid-Afrika het in Kimberley plaasgevind, waar die eerste en grootste diamante ook ontdek is.

Op Hopetown is die eerste en grootste sonplase op Upington opgerig – alles in die Noord-Kaap, saam met die groot Griekwa-dorpe, vertel die trotse Griekwa-leier.

Hy verduidelik verder dat die eerste koper in Suid-Afrika in Okiep, in Namakwaland ontdek is.

Vir Peterson is Vryheidsdag wat op 1 April gevier word, die dag wat deur alle inheemse mense in Suid-Afrika gevier moet word.

"Hierdie is die dag wanneer die wet die pad oopmaak vir amptelike erkenning van die Khoi-San mense, en met hierdie erkenning sal ons op die pad wees na herstelling en uiteindelike vergoeding.

"Ons mense is meer as gereed want 90% van ons inheemse mense leef al vir meer as twee eue ons kultuur, tradisie en identiteit uit met met die Rieldans (Xhabarra), die Reëndans en die Namastap."

Volgens Peterson bak en kook die inheemse mense askoek, roosterbrod en afvalpotjie, "wat maar 'n deel uitmaak van ons inheemse tradisies, kultuur en bewussyn."

"Dié kultuur gaan ons op Nasionale Khoi-San Vryheidsdag vier, in die KhoiSan Vallei op 1 April 2021."



**GEREED VIR VRYHEIDSDAG:** Prins Stanley Peterson (middel) besig met mobilisasie vir Khoi-San vieringe.

# Many human remains still stuck in museums, varsities

As we draw to the end of Human Rights month in the midst of the global pandemic, I reflected on the Smallpox epidemic and how it wiped out almost entire Khoe tribes.

I wonder what happened to them when they died, to their bodies. Were they buried; were their bodies "disposed of"?

I think of those tribes that remained to tell the tale of enduring a pandemic, only to be hunted, dead or alive, to be studied and stored being thought of to be on the brink of extinction.

The knowledge of human remains housed in museums, universities and other institutions in the world is not a well-known fact to people outside of the heritage and academic spheres.

The knowledge or information that people do know is the most popular remains which was repatriated to South Africa, that of Sarah Baartman from France.

Outside of these aforementioned fraternities, not many people know about the repatriation of Klaas and Trooi Pienaar from Austria in April 2012.

The story of the Sutherland Human Remains did however reach mainstream media. With the return of the remains of Koos Sas this month from the Montagu Museum where it had been on display for years, the significance of this event to me was… why now? **(More about Sas on page 10.)**



**REBURIED WITH DIGNITY:** KhoiSan leaders lead the reburial ceremony for Klaas and Trooi Pienaar in 2012.

The purpose of museums is to collect, preserve and store heritage objects. We know that these objects are items that were "given" by indigenous communities to anthropologists like bows, arrows, ostrich eggshell containers, even their knowledge.

But not many people know about the human remains still housed in museums to this day.

What I would like to know, besides that of Oom Koos Sas, are more museums working on repatriating and reburying the remains they are housing?

Are people are aware of their human rights? Whether they distort these rights to suit a specific need/want, or whether they fight for what they know to be their constitutional rights, it is not a new occurrence to hear that there are protests for basic human rights that are not being provided.

Most of us know our rights and use those rights to fight for what is constitutionally ours, but what about the rights of those whose remains are still housed in boxes? What about the rights of their descendants to be able to bury their ancestors in a dignified and honourable manner?

Their forebears were not afforded their human right to live in peace without fear of being hunted and scrutinised like an animal.

In fact, the hunted treated nature with more respect than what our forefathers were afforded in life, and in death. I am not disputing the fact that museums abide to their mandates to preserve and care for these "objects" in their care.

What I am questioning is, for how long? Museums around the world are making headlines with repatriation efforts and vigorous engagements with communities. But what is happening in our communities?

I know that consultation has taken place, but why can decisions not be made?

Where are the rights of those that came before us? I believe, and this is my opinion, that indigenous communities need to be on one page when it comes to the reparation of our ancestors.

This means, speak with one, unified, strong voice. Once this happens, these institutions can be held accountable and the rites of our ancestors can be afforded back to them.

Our communities have experienced pain and trauma for centuries and it is only once the bones of our ancestors are beneath the soil that these wounds can be repaired.

Their return to the soil is their right. This will be the rite of passage to healing for indigenous people and to the final resting place of our ancestors.

**(Article written by a Khoi woman)**



**LYWIGE DOKUMENT:** MRK-kommissarisse André Gaum en Chris Nissen met die verslag.




**GROOT AFWAGTING:** Verteenwoordigers van verskillende Khoisan-groepe in 2018 by die bekendmaking van die Menseregte Kommissie se aanbevelings oor menseregte vergrype van die KhoiSan. **FOTO'S: ZENZILE KHOISAN**

# Waar is ander aanbevelings van MRK, vra KhoiSan

Drie jaar het verloop sedert die Menseregte Kommissie (MRK) hul verslag oor Khoi en San menseregte skendings bekendgemaak het.

Die verslag, met verskeie aardskuddende aanbevelings, is in Februarie 2018 vrygestel.

Die verslag volg nadat die kommissie deur die breër KhoiSan-groepe gevra is om ondersoek in te stel oor vergrype wat teen Khoi en San-gemeenskappe regdeur die geskiedenis gepleeg is.

Die MRK het toe landwye openbare vergaderings gehou waar die inheemse volk hul saak kon stel en voorleggings kon maak, onder meer oor hul erkenning, grondhervorming en wat bestempel is as die skeldnaam van "Kleurling", wat op hul afgedwing is.

Met die bekendmaking van die verslag het verskeie inheemse leiers dit as 'n waterskeidingsdokument bestempel, wat uiteindelik konkrete aanbevelings gemaak het en die rigting aangewys het vir optrede deur die regering, wat in die verlede nog net lippediens gelewer het.

Met die ondertekening van die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap (Wet 3 van 2019) is een van die aanbevelings wel ingestel.

Die MRK-aanbevelings is destyds as dringend bestempel, maar min daarvan het die lig gesien.

Verlede jaar het KhoiSan-gemeenskappe hul teleurstelling en misnoeë uitgespreek dat die meeste van die MRK se aanbevelings, soos uiteengesit in die verslag, nog nie ingestel is nie.

Sommige KhoiSan groepe het dit selfs oorweeg om verskeie regeringsdepartemente, wat verantwoordelik was vir die implimentering van die aanbevelings, hof toe te sleep.

In die kritiese 2018-verslag van die MRK word die Suid-Afrikaanse regering gevra om dringend, nog voor die 2019 nasionale verkiesing, die radikale aanbevelings in te stel.

Hierdie aanbeveling sluit onder meer in:

- dat die regering betekenisvolle stappe moet neem in die erkenning van die Khoi en San volke in die land;
- die beskikbaarstelling van grond;
- die erkenning van KhoiSan-tale;
- die erkenning van die inheemse kennisstelsel van die Khoi en San;
- die verwydering van die woord "Kleurling";
- dat die regering moet voldoen aan internasionale wetgewing deur die wet van die Verenigde Nasie se Internasionale Arbeidsreg vir inheemse mense (ook bekend as ILO Convention 169) te bekragtig.

Die ILO 169 is 'n afdwingbare internasionale konvensie, wat alle lidstate van die Verenigde Nasies dwing om inheemse mense te beskerm.

Dit verskaf ook 'n wetlike raamwerk wat inheemse menseregte bevorder en wat aandring op die ontwikkeling van volhoubare meganismes waardeur inheemse mense hul eie sosiale, ekonomiese en geestelike kultuur kan uitleef.

Kommissaris Chris Nissen het met die vrystelling van die verslag gesê: "Die verslag bevat die bewyse wat voorgelê is by die openbare vergaderings van die MRK nadat die kommissie verskeie klagtes oor menseregte vergrype ontvang het."

Nissen het toe gesê dat die verslag 'n werkende dokument vir die Khoi en San-gemeenskappe en hul leiers is.

Chief John Jansen, Cochoqua-stamhoof en Wes-Kaapse leier van die KhoiSan Cultural Heritage Development Council (KCHDC), se reaksie na die bekendmaking van die verslag was dat dit die begin is om die inheemse mense se mag te ontsluit, en dat "ons rondom die verslag moet verenig, want daar is geen ander manier om ons vryheid te kry, as om verby ons verskille te beweeg nir, en om die dokument as basis te gebruik".

Volgens Nissen is die verslag destyds eers aan die President gestuur en daarna aan die premiers van die nege provinsies in die land, asook aan alle regeringsdepartemente wat gevra is om stappe te neem om die aanbevelings in werking te stel.

Heel bo aan hul lys van aanbevelings aan die regering het die MRK gevra dat daar dringend – verkieslik binne 'n jaar (dus 2019) – aandag gegee moet word aan die grondwetlike erkenning van die Khoi en San inheemse mense.

Met die instelling van Wet 3 van 2019 is hierdie aanbeveling ingestel., wat op 1 April in werking tree.

In die verslag beveel die MRK ook aan dat die staat, deur die Presidensie en die Departement van Kuns en Kultuur, stappe moet neem, op of voor 31 Maart 2019 om ontslae te raak van die gedwonge rasseklassifikasie van die Khoi en San as Kleurlinge.

Verdere aanbevelings was dat die minister van die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake binne agtien maande na die uitreiking van die verslag, die amptelike erkenning van inheemse gemeenskappe moet plaasvine, deur wetgewende en administratiewe prosesse, gelykstaande aan die erkenning van ander tradisionele gemeenskappe, en dat daar nie onnodige las geplaas moet word op Koi en San-gemeenskappe, wat amptelike erkenning van die staat verlang nie.

Die Kommissie het ook in sy verslag kennis geneem dat die regering daarin gefaal het om ander aanbevelings van vorige verslae van menseregte skendings teenoor die Khoi en San te implimenteer.

In die afdeling getiteld Implimentasie van vorige aanbevelings en die algehele toestand van inheemse mense in Suid-Afrika, noem die verslag dat:

"Nieteenstaande spesifieke aanbevelings, is daar steeds geen amptelike erkenning vir die Khoi en San nie, en word hulle steeds onderwerp aan die apartheid-era rasseklassifikasie, wat verder hul regte skend en wat hul menswaardigheid erg aantas.

Voortspruitend van hierdie posisie, gaan die MRK-verslag voort met ernstige aanbevelings, wat,indien dit geïmplimenteer word, die posisie van die Khoi en San aansienlik kan verander en verseker dat uiteindelik 'n einde kom aan diskriminerende praktye op sosiale, kulturele, ekonomiese en politieke gebiede.

Byna alle regerings-departemente is in die verslag genoop tot optrede trede onder meer – tesourie, justisie, landelike ontwikkeling en grondhervorming, asook toerisme – is gevra om die werk in hul departemente in lyn te kry met die aanbevelings in die MRK-verslag en om bewyse te gee oor hoe hulle dit binne twaalf tot agtien maande gaan implimenteer.

Volgens die verslag moet die Departement van Samewerkende Regering and Tradisionele Sake, asook die Departement van Toerisme, in oorlegpleging met die KhoiSan, binne twaalf maande projekte daarstel wat daarop gemik is om bewusmaking te skep vir die kultuur en tradisies van die Khoi-San volke.

Hierdie maatreëls sluit in, maar is nie beperk nie, tot die daarstelling van kulturele inligtingsentrums, museums en toerisme inisiatiewe.

Die kwessie van grond restitusie, wat 'n groot twispunt is in Khoi en San-gemeenskappe, wat die 1913-afsnydatum as diskrimenerend gestempel, het die MRK die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming direk aangespreek in sy aanbevelings, onder die afdeling getiteld Toegang tot grond en basiese dienste.

Hieronder beveel die MRK aan dat dié departement saam met die Kantoor van die Presidensie stappe neem om die proses van die restitusie van inheemse gemeenskappe, in die lig van die erkenning van toegang tot grond, tradisionele gebiede en die natuurlike hulpbronne vir die voldoening van ander regte van die Khoi en San. aan te spreek.

Verder beveel die verslag aan dat die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, asook die Departement van Omgewingsake, Bosbou en Vissery en die Departement van Minerale Hulpbronne, saam met ander relevante departemente, sinvol met inheemse gemeenskappe moet oorlegpleeg wat betref verwagte ontwikkeling en/of kommersiële projekte wat hulle direk of indirek kan raak.

> Die Departement van Toerisme moet (moes) in oorlegpleging met die KhoiSan, binne twaalf maande projekte daar stel wat daarop gemik is om bewusmaking te skep vir die kultuur en tradisies van die KhoiSan-volke.

## Aanbevelings in neutedop

Die volgende aanbevelings moes reeds binne twaalf tot agtien maande na die uitreiking van die MRK-verslag – dus einde 2019 – ingestel gewees het:

- Die grondwetlike erkenning van die Khoi en San;
- die beskikbaarstelling van grond;
- die erkenning van KhoiSan-tale;
- die erkenning van die inheemse kennisstelsel van die Khoi en San;
- die verwydering van die woord "Kleurling";
- dat die regering moet voldoen aan internasionale wetgewing soos ILO 169;
- Toegang tot grond, tradisionele gebied en natuurlike hulpbronne;
- projekte daarstel vir die bewusmaking van KhoiSan kultuur en tradisies;
- die daarstelling van kulturele inligtingsentrums, museums en toerisme inisiatiewe;
- oorlegpleging van verskeie regeringsdepartemente rakende ontwikkeling of kommersiële projekte wat KhoiSan-gemeenskappe direk of indirek kan raak.



**GEMEENSKAP-INLIGTINGSESSIES:** Prins Stanley Peterson (regs)het kruis en dwars oor die land gereis om gemeenskappe oor die nuwe wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap in te lig. Die vergadering het meestal in die buitelug onder bome paasgevind. **Foto's met vergunning van Natural Justice**

# Nuwe wet bring menswaardigheid

Prins Stanly Peterson is 'n leier in die Griekwa Koninklike Huis, lid van die Nasionale KhoiSan Raad, en hoofonderhandelaar van die onderhandelingspan wat uiteindelike geseëvier het met die waterskeidingsooreenkoms tussen Khoi-gemeenskappe en die Rooibos-bedryf.

Hy is ook een van die leiers in die veldtog vir die grondwetlike akkommodasie van die die Khoi-Khoi en San in Suid-Afrika. **ZENZILE KHOISAN** het hom uitge-vra oor hoe hy oor die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap voel, asook oor hoe dit mense op grondvlak gaan raak.

**Inheemse Spoor: Die Tradisionele en Khoi-San Leierskap Wet (Wet 3 van 2019) word amptelik op 1 April 2021 as deel van die grondwet van ons land bekragtig. Wat beteken hierdie wet vir u en ons mense op grondvlak?**

**Prins Peterson:** Die wet kon nie op 'n beter tyd gekom het nie, want dit is die tyd wanneer ons, as KhoiSan-volk, deur 'n donker, onseker en pynlike jaar kom.

Ons was vir meer as 400 jaar nêrens in enige samelewing erken of betrek by dit wat in ons gemeenskappe en in ons woonbuurte gebeur het nie.

Al die jare is daar vir ons besluit en voorgesê, sonder ons insae en toestemming. Ons sien net daar word huise opgerig, ontwikkeling vind plaas en paaie word gebou en name word aan die plekke gegee – alles sonder om vir ons te vra.

Ons mense op die grondvlak voel verheug oor die wet, want nou hoef hulle nie meer Kleurling genoem te word of op vorms aan te dui aan wattter ras hulle behoort nie.

Hulle kan nou ook hul kultuur, taal en tradisie uitleef sonder vrees of skaamte, want nou is daar erkenning.

Vir hulle is dit nou nie meer lippetaal nie, maar 'n wet wat op 1 April vanjaar geïmplimenteer gaan word en is daar nou geen omdraaikans meer nie.

Vir jare het ons mense soos niks gevoel nie, met die skeldnaam kleurling, wat soos 'n skadu om hulle gehang het en wat soos 'n dief alles van hulle ontneem en gesteel het.

Al die jare het ons 'n Opperhoof en Kaptein gehad, wat ons nou, volgens die wet, Senior KhoiSan Tradisionele Leier gaan noem.

Ons tale Xiri; Namagoewab; Xuntali; Kwedam en Xam sal nou weer herleef soos in die oeroue gewoontes, wat 'n nuwe leerproses gaan wees.

**IS: Hierdie wet is 'n waterskeidings-erkenning vir die leierskap van die Khoi en San-volk, maar wat beteken dit eintlik vir die gemeenskappe wat nou amptelik deur leierskap verteenwoordig sal word?**

**PP:** 'n Boom het wortels en sy takke is soos die KhoiSan saak – 'n volk wat ons nou 'n gemeenskap noem, word gelei deur 'n stamhoof of leier of koning.

Die verskil is dat die naam van die gemeenskap nou gekoppel word aan 'n spesifieke naam of volk. So wanneer ons praat, praat ons meer as 'n spesifieke gemeenskap soos byvoorbeeld 'n Griekwa of Nama gemeenskap, soos binne die wet wat Khoi-San leierskap erken.

Die skeiding is vir ons van kardinale belang want dit bewys ons geboortereg, gee erkenning aan ons grondgebiede soos Griekwaland-Wes, Namakwaland, Korannaland en Boesmanland.

Daar kan nie nou veralgemeen word met die versamel naam KhoiSan nie. Elke volk het nou sy identiteit, grondgebied, taal en kultuur. Ons leiers het geen erkenning of voordele uit die ekonomie of grond van die regering gekry nie

Nou word die speelveld gelyk gemaak en alle tradisionele leiers word gelyk behandel met hul gemeenskappe, erfenis- en grondgebiede.

Hierdie wetgewing word deur baie van die leiers van die Khoi en San verwerp omdat van hulle gekant is daarteen, want hulle het ons mense mislei deur hulself konings of chiefs te maak en nou moet hulle bewys hulle het 'n gemeenskap wat bestaan.

Daarom is ons bly oor die wetgewing, omdat dit nou die skape en die bokke van mekaar skei.

**IS: Volgens die bepalings van Wet 3 van 2019 sal daar 'n kommissie aangestel word om die proses van erkenning van Khoi en San inheemse leiers te dryf en sal hulle binne twee jaar hul mandaat moet afhandel. Wat is u ontleding van die samestelling en mandaat van hierdie kommissie en die omstandighede waaronder hierdie mandaat afgehandel moet word?**

**SP:** Ons is verheug dat daar 'n ervare onafhanklike kommissie gaan wees wat nie gekoppel is aan enige volk of leier of selfs die regering nie.

Hulle is kundigs in hul onderskeie hoedanighede as navorsers, geskiedkundiges en kultuur-kundiges.

Hulle sal die aansoeke ontvang en verwerk vir twee jaar, soos vervat in Wet 3 van 2019, en hul bevinding en aanbeveling sal oorhandig word aan die minister van Samewerkende Regering vir goedkeuring en vir die President om die amptelike aanstellingsertifikate goed te keur.

Die kommissie se mandaat is nog vaag omdat die wet sê die President moet hulle saamstel binne twee of drie maande na 1 April 2021. Ons ondersteun so 'n kommissie ook omdat ons meen as hulle net uit ons eie mense van Khoi en San afkoms alleen bestaan, sal hulle dalk van ons bevoordeel.

**IS: Daar is groot afwagting onder ons mense, spesifiek oor die feit dat die wet wegdoen met die onregverdigheid van die verlede, maar is hulle ten volle ingelig oor die betekenis van die wet, en is hul ten volle voorberei vir die erkenningsproses?**

**PP:** Nie al ons mense verstaan die omvang en die geskiedkundige gebeurtenis van wat die wet werklik vir ons beteken nie. Die wet is nie volmaak nie en het 'n paar gebreke, soos dat die KhoiSan nie as Eerste Nasie erken word nie. Maar ten minste herstel die wet die Khoi-San se menswaardigheid in ere – iets wat geen regering nog die afgelope 600 jaar gedoen het nie. Daarom voel ons dit is 'n stap in die regte rigting.

Die Regering het hierdie wetgewing met 195 stemme teenoor 5 in die Parlement gewen. Die EFF en DA het uitgestap omdat die wetgewing hulle grondaanspraak en hul stembasis kan belemmer.

Daarom moet ons die ANC-regering bedank vir hulle ondersteuning en bereidwilligheid om ons te erken.

Ons mense moet weet die wet skakel alle ongelykheid uit wat betref ras, identiteit, kultuur, behandeling en menswaardigheid.

Ons word nou gelyk behandel met tradisionele leiers in Suid-Afrika – op alle vlakke – op plaaslike, provinsiale en nasionale gebied.

Hierdie wetgewing gaan ook dele van die munisipale strukture-wet verander sodat tradisionele Khoi-San-leiers ook nou as raadslede in plaaslike en distrikmunisipaliteite, sonder 'n stemproses, soos in munisipale tussenver-kiesings kan dien.

Dit insigself is 'n groot oorwinning en deurbraak vir ons KhoiSan-leiers en gemeenskappe. Die tyd is verby dat almal oor ons loop en ons vertrap, en dat raadslede net praat vir hul onderskeie partye.

**IS: Die amptelike erkenning van Khoi en San-leierskap kom amper dieselfde tyd as die waterkeidingsooreenkoms tussen die Rooibos-bedryf en die Khoi en San gemeenskappe wat gevestig is binne die Rooibos-streke.**

**Wat beteken hierdie ooreenkoms vir ons mense op grondvlak; hoe word hierdie boodskap uitgerol en hoe werk die erkenningsproses saam met die Rooibos-ooreenkoms?**

**PP:** Ons erkenning as KhoiSan-volk is merkwaardig omdat dit ook erkenning gee aan ons tradisionele kennis (TK) en Biokulturele Gemeenskapsprotokol of, meer bekend as BCP (Biocultural Community Protocol).

Vir jare het ons gemeenskappe nie besef wat die waarde is van hul inheemse kennis oor rooibos, boegoe, skeletium (of kanna); aloe en amarula nie, wat hul oor eeue gebruik het as deel van die medisinale kennis van die plante waarmee hul vir generasies gewerk het.

Rooibos is groen as plant maar word rooi as dit verwerk word deur 'n span kundige Khoi-leiers op die tee-bane.

Dit groei ook net in spesifieke geografiese streke, soos die Sederberge en die Koue Bokkeveld – gebiede soos Wupperthal, Clanwilliam, Piketberg, Nieuwoudtville, Klawer en Vanrhynsdorp.

In hierdie bergreeks het ons Khoi-mense gebly en daarom is die rotstekeninge anders as die San-mense s'n. Die rooi in die tekeninge is donkerder.

Dis ook in hierdie gebied waar Adam Kok by Kapteinsklip sy vrou ontmoet het en alle volke bymekaar gekom het en verder noordwaarts getrek het na die beloofte land van die Griekwas vandag, naamlik Griekwaland-wes (Noord-Kaap), daar is ook Griekwas in die Wes-Kaap en die Vrystaat.

Phillipolis die oudste dorp in die Vrystaat en daar is 39 verdragplase wat vir 99 jaar deur die Griekwas gehuur was.

Die Griekwa-dorpe sluit in Griekwa-stad, Campbell, Kimberley en Gordonia (Upington / Keimoes/ Kakamas en Kenhardt).

Rooibos is eie aan ons Khoi, asook die San. Dit beeld ons kultuur uit wanneer ons die rieldans (Xhabarra) doen.

Ons het rooibos as 'n kalmerende stimulant gebruik vir stres, na 'n harde dag se werk, asook vir ekseem (kolle op die vel); skilfers op kop, vir tee en as plaasvervanger vir borsmelk wanneer die moeder nie kan borsvoed nie.

Hierdie wetgewing gaan ook dele van die munisipale strukture-wet verander sodat tradisionele Khoi-San leiers ook nou as raadslede kan sit in plaaslike en distriks-munisipaliteite soos in munisipale tussenverkiesings.



The BCP was initiated against the backdrop of the Khwe community's struggle for recognition as a cultural community in Namibia on par with other cultural communities, and the loss of their historical lands and natural resources inside Bwabwata National Park.

# Khwe of Namibia struggling to access their resources

## Biodiversity register identifies resources

The community protocol was developed by the community to describe:

- their identity as a community living inside the Bwabwata National Park;
- their intimate connection with the local resources and wildlife, including their traditional knowledge associated with these resources;
- their vision and priorities;
- their organisation and decision-making structures, including procedures for PIC;
- the barriers and challenges of living inside the Park, and
- their rights under national law.

The community protocol also includes a Biodiversity register which identifies the traditional resources of the community, when they need access to them, and a community map.

This was particularly important as they can currently only access 20% of the plants they traditionally used for food and medicinal purposes.

> "If you have knowledge of a specific plant, but you have to hide that knowledge, you might lose hope because the plant is not serving its function anymore...

The Khwe community is one of the Namibian San historical communities living inside Bwabwata National Park, with about 6 000 community members.

Historically, they are a hunter-gatherer community with a deep and ancient connection to the resources and wildlife inside the Park.

The Park has a history of being affected by colonial and apartheid laws and being proclaimed a national park.

The Khwe are not formally recognised as a cultural community within the Namibian traditional authority framework.

The community's livelihoods are intimately tied to the resources within the Park, which has led to challenges of access. Further, the inter-generational transfer of traditional knowledge is not occurring as it should, due to restricted access to their customary resources located inside the Park.

There is, however, a successful community-based natural resource management model between the Park and its residents through the local Kyaramacan Association (KA).

The Khwe community forms the majority of this resident population. Through KA, the community is involved in a successful benefit-sharing model with income being primarily sourced through hunting and tourism concessions.

They developed their BCP to help articulate their need for improved access and use rights to their customary resources within the Park.

They also see this access as a basis for stronger inter- generational transfer of traditional knowledge associated with natural resources.

### National ABS framework

The Namibian Access to Biological and Genetic Resources and Associated Traditional Knowledge Act (2017) defines community protocols as "a broad range of practices and procedures, both written and unwritten, developed by local communities in relation to their genetic resources and associated traditional knowledge and this covers a range of matters, including how local communities expect external actors to engage with them." It foresees the development of regulations on community protocols.

The Act also includes the protection of Traditional Knowledge, including through the recognition of customary laws in this context, by stating that "the State must recognise and protect the community intellectual property rights as they are enshrined and protected under the norms, practices and customary law found in, and recognised by, the concerned local communities, whether such law is written or not."

Prior to the ABS Act, Namibia had already been following a proactive approach to the valorisation of biological resources and a TK (the so-called "pipeline approach").

This approach addresses the entire value chain and strongly emphasises the participation at the community level to create economic opportunities in a sustainable manner. Moreover, the Communal Conservancy Act of 1996 and the Forestry Act of 2000 include provisions for the sharing of benefits with local communities.

### Objectives and content of the community Protocol

The BCP was initiated against the backdrop of the Khwe community's struggle for recognition as a cultural community in Namibia on par with other cultural communities, and the loss of their historical lands and natural resources inside Bwabwata National Park.

Even with the co-management agreement in place, the community felt that there were a number of challenges that they continue to experience as a community living inside a park.

They also wanted to protect and assign value to their indigenous knowledge associated with the rich biodiversity located mainly inside the protected area.

They decided to develop their Biocultural Community Protocol to help address their challenges to living and practicing their cultural lifestyle, which is intimately linked to the natural resources inside of the protected area that they have limited or no access to.

### Outcomes

A significant outcome of the BCP process has been to unite the community. Prior to the creation of the protocol, only individuals who were approached by commercial users would benefit from the pool of traditional knowledge.

But now, the community has a common understanding of their traditional knowledge as a valuable and shared resource, only to be shared with their consent.

The community also feels that the issues around land and traditional authority are an important foundation of their BCP.

They reason that, without access to their customary land they will be unable to practice their traditional culture, which is deeply linked to the land. Not having access will therefore result in the loss of their traditional knowledge.

They also fear that without legitimate rights to the land on which genetic resources are found, truly equitable benefit-sharing will not be realised.

The community considers a positive outcome the fact that they were able to articulate these concerns, as well as their desire to be recognised as a cultural community with their own traditional leadership, for the first time in writing.

**Article and pictures courtesy of Natural Justice**

# God-given knowledge of plants must be shared

We have medicine for diarrhoea, for strengthening a child's body, and we have many headache medicines and sometimes, when a woman is in labour, the baby might get stuck and we have medicines for making it easier for her to deliver.

But most of the medicinal plants are found in the core area (of the Park), where we are restricted from getting to it and using it.

Nowadays it is compulsory that you should have a permit. Ever since those regulations, we are very much restricted.

We are stopped and told "you don't have access", and there is no benefit from these plants anymore.

The knowledge of the plants belongs to the Khwe, they learned it from their ancestors, who learned from their forefathers, and that is how this knowledge is passed on.

So, for us it is a gift from God to our forefathers. If we compare the modern days with the past, all the illnesses we are suffering from today, and for which we seek help from hospitals, were all cured at home.

But we don't have a right to access our plant resources. Even if we live in Bwabwata, with this knowlede God gave us, we cannot use it.

We don't enjoy the food we have to buy at the shop. We like to eat foods from the forest.

Hiding our knowledge is sometimes a challenge. If you have knowledge on a specific plant, but you have to hide that knowledge, and with all these regulations, we lose hope because the plant is not serving its function anymore, and it makes us unhappy.



Members of the Kwe Custodian Committee is Thadeus Chadeu, Pieter Masiliso, Karorina John and Mbamba Feslistas.

We want to pass the knowledge to the younger generation and we also want to encourage those who have the knowledge to share it, so that we can use it.

If you can motivate others because one person is earning income from the traditional medicine that he knows, others might come up with different knowledge until everyone is involved, and then we can progress. But these prohibitions, they are bringing us down.

Those who are knowledge holders are dying with the knowledge.

# Community in Bonou, Benin custodians of sacred forests

The community of Degbe Aguinninnou, who live in the village of Agbonan in the municipality of Bonou, located in the South-West of Benin, are the historical custodians of the sacred forests Gbêvozoun (133 ha) and Gnahouizon (18 ha), as well as a sacred pond named Houèdagba.

The forest Gbêvozoun houses the deity "Gbévo", the protecting deity of the community and cornerstone of all its cultural ceremonies.

The sacred forests are very rich in biodiversity and represent a natural and cultural heritage of great value.

Up to 75% of the plant species found within the village territory only exist in the sacred forests and their buffer zones.

A significant number of these plants are used in traditional medicine and rituals by members of the community.

A survey of traditional medicinal knowledge listed 61 diseases that are being treated with these plants, including malaria, stomach ache, anemia, ulcers and diabetes. The sacred forest also serves as an important refuge for wildlife.

The Degbe Aguinninnou community is culturally distinct from the other communities around the sacred forests because they historically relocated from another area in Benin. They speak the mahi language and observe the traditional vodoun religion.

Cultural taboos prohibit the consumption of several wildlife species, such as boas, doves and bats. Their main economic activities are agriculture and fishing.

Despite their importance for biodiversity and for the livelihoods and wellbeing of the community, the two forests, like most sacred forests in Benin, are not considered a priority by the forest administration.

In 2012, Benin passed an Interministerial Order (No. 0121) integrating sacred forests into the national system of protected areas, which grants the resident communities and their traditional authorities the right to manage these forests.

However, the implementation of this innovative legislation is unfortunately lagging. This lack of protection makes the forests vulnerable to threats such as agricultural encroachment.

The threats to their sacred forests are a source of concern for the community because of the long-term impacts that this degradation will have on their livelihoods, traditional knowledge, and very identity.

At the same time, the traditional knowledge of the community associated with the genetic resources in the forests is not being sufficiently valorised.

**National ABS framework**

The National Guidelines for Access and Benefit- sharing (2016) define biocultural community protocols (BCPs) as "tools that establish a set of fundamental principles for the participation of local communities in the ABS process and describe how to acquire or use traditional knowledge and genetic resources that are held by local communities.

These protocols set out procedures that uphold customary rights and emphasise the obligation of reciprocity, involving all parties concerned."

Article 8 specifies that "The positive cultural rules of local communities or Biocultural Community Protocols have to be respected".

The National Guidelines were being drafted at the same time as the community of Degbe Aguinninnou developed its community protocol.

The two processes informed each other and the development of this pilot community protocol supported the inclusion of references to community protocols and community rules in the Guidelines.

**Objectives and content of the protocol**

The main objective of the community protocol is to contribute to the sustainable management of the two sacred forests and the sacred pond by affirming and recognising the rights of the community and their history of custodianship of their sacred natural sites.

The protocol includes rules and guidance aiming at preserving the community's culture and environment, and to secure economic and social benefits from any activities related to their natural resources – in particular the genetic resources of the sacred forests, agricultural genetic resources and the associated traditional knowledge.

**Outcomes**

The documentation of traditional knowledge led to the identification of 61 traditional medicinal recipes based on the genetic resources in the sacred forest and the associated traditional knowledge of healers of the community.

Three recipes were selected by IREMPT, a national research institution, for further research and utilization.

A further five GR and a TK were identified as presenting opportunities or interests for the development of new medicines.

While the initial focus of the BCP process was on the sacred forests and its resources, the community later decided to broaden the scope of its protocol to include the diversity of agricultural genetic resources maintained and used by its local farmers.

This increased awareness within the community of the value of their local agro-biodiversity, and broadened the range of community members actively participating in the process.

As part of the process, the community also developed a community biodiversity registry, and a community PIC document to serve as a model for agreements between the community and users of GR and a TK.

A community mapping of the sacred forests led to a better understanding of the boundaries and zoning of the forest and community lands, and the municipality donated 2ha of land to the community for a botanical garden of plants threatened with extinction.



The Degbe Aguinninnou community is culturally distinct from the other communities around the sacred forests because they historically relocated from another area in Benin. Traditional medicinal knowledge listed 61 diseases that are being treated with the plants in the sacred forest.

**Article and pictures courtesy of Natural Justice**



His Majesty Dégnon, King of Bonou

## Forest is our livelihood

We had several reasons to develop our community protocol. Our ancestors settled in this area when there was only the forest.

At that time, they established rules and prohibitions on certain areas and natural resources that all members of the community respected.

These spaces were regularly animated by rituals, worship of the ancestors, and our parents told us tales every evening whose lessons invited us to fear the spirits who are in these places and we were even afraid to go to these places.

All the decisions in the community were made in consultation and under the authority of our Dah, who was respected by all. For a long time, the community did not have many difficulties to meet their survival needs, because they lived near the forest and lived on the opportunities offered by the environment.

But during the revolutionary period, our parents were banned from all practices, ritual ceremonies and worship in these areas.

Under pressure from the government, many of our dignitaries fled, we began to gradually abandon our rules, our prohibitions, our procedures on these places.

Some of our brothers converted to Christianity and many of our members kept their attachment to Vodoun, but did not have the freedom to worship.

Many of our lands were sold off by the authorities for the production of oil palm and the extension of agricultural activities.

It was thanks to the courage and resistance of our ancestors that our parents managed to save the forest of Gbévo.

But the forest undergoes daily pressures that tend to reduce its surface and destroy the rich biological diversity that it holds.

In spite of the efforts of awareness raising initiated by NGOs, we have difficulties to enforce respect for the rules and traditional prohibitions established around this forest.

So when we were informed and convinced by the NGO Cesaren of the capacity of the community protocol to respond to our situation, we made the decision to elaborate our protocol.

**It was thanks to the courage and resistance of our ancestors that our parents managed to save the forest in Gbévo.**

## Contents of the Community Protocol

The contents had to include the following:

♦ A description of the community, its identity, origin and characteristics

♦ The natural resources of the community, including a description and mapping of the sacred forest, a community biodiversity register (including both wild and domesticated / cultivated species), natural resource management practices and challenges

♦ Socio-cultural information including festivals, rituals, and sacred sites related to the sacred forests

♦ The institutional system including social structures of natural resource management, internal decision-making systems and their relation with external systems

♦ Legal information including customary rules and procedures for natural resource management, laws and government policies and conditions for engagement with external actors

♦ Economic information including the economic potential of the sacred forests, their genetic resources and associated traditional knowledge, opportunities for biotrade and bioprospecting

♦Rights and demands of the community, including:

▪ the legal recognition of their sacred natural sites and their management structures

▪ the granting of land for a botanical garden

▪ the respect of community clauses regarding the full participation of the community in decisions affecting their sacred forests or other natural resources

▪ the respect of community rules for accessing genetic resources and associated traditional knowledge (free, prior and informed consent

▪ FPIC) and for the negotiation of MAT, as spelled out in Standard Community Contractual Clauses

▪ the relationship with the Competent National Authorities for ABS

# !Nau van bevestiging op Koning Katz se regmatige plaas

ZENZILE KHOISAN

My herinnering van Koning Josiah Katz strek oor ???.

As ek nabetragting moet hou oor ons wonderlike tye saam waar ons geskiedkundige verrigtinge bygewoon het is dit nie maklik een oomblik uit te sonder nie, want hierdie leier en ware held was een van die ikoniese leiers van die Khoi en San inheemse volk in Suid-Afrika.

As daar egter wel een dag is wat ek as 'n hoogtepunt kan uitsonder in die tyd wat ons saam deurgebring het in ons stryd tot herstelling van ons nasie, sal dit die dag wees in die laaste week van November 2008, toe ek saam met Oom Katz na sy geboorteplaas, Pniel was.

Ons was daar saam met lede van die Katz-Korana-stam en 'n groot aantal ondersteuners.

Hier het Koning Josiah Katz saam met ander inheemse leiers van heinde en verre gekom om 'n !Nau-seremonie op sy regmatige eiendom uit te voer teen die onregverdige onteiening van die Katz Koninklike huis deur onder meer die Lutherse kerk.

Die gebeure het gepaardgegaan met die slagting van 'n skaap onder die wakened oof van Oom Katz, asook inheemse danse en 'n gebed van danksegging.

Dit was tydens hierdie !Nau-seremonie van toewyding dat Eddie Steenberg, hoofman binne die Katz-Korana koninklike huis, die geseënde horings hoog bo sy kop gelig het, terwyl Cochoqua-stamhoof, Basil Coetsee, verduidelik het waaroor die seremonie gaan.

"Die !Nau is 'n vorm van inisiasie waardeur 'n inheemse stam of volk hul menslikheid, geestelikheid, kultuur en hul menswaardigheid bevestig."

Volgens Coetsee is daar sewe !Nau-seremonies in die KhoiSan inheemse stelsel, wat begin met die geboorte van 'n kind, en eindig met 'n !Nau-seremonie wanneer iemand ter ruste gelê word.

"Tydens die seremonies word ons Hemelse Vader bedank, en erken ons dat daar mense voor ons was wat groot opofferings gemaak het.

"Hierna word die horings hoog gelig en roep ons die name uit van ons voorouers, ons helde van die verlede, wat in die vier hoeke van ons inheemse land gewoon en gereis het, en wat deur hul lewensstryd en deur hul voorbeeld 'n bloedspoor getrap het om vir ons stewigheid te bring in die stryd wat ons nou voer."

Volgens stamhoof Coetsee word die name van afgestorwe Khoi-leiers hard uitgeroep, dié van ondere andere leiers soos Kora, Klaas Lukas en Autshumatu.

"Die naam van Sarah Baartman word ook uitgeroep. Haar oorskot is in 2010 ná 'n groot stryd uit Frankryk teruggebring na haar geboorteland, waar sy eervol met 'n !Nau-seremonie begrawe is."

Die seremonie op Pniel is afgesluit met 'n danksegginggsgebed is en die slagting van 'n skaap, onder die wakende oë van stamleiers, wat van Kaapstad, die Richtersveld en die Kalahari gekom het om te bevestig dat Koning Josiah Katz die ware leier van die Katz-Korana huis was.



**HORINGS VAN DIE !NAU:** Eddie Steenberg lig die horings tydings die !Nau op Pniel.



**EREWAG VIR 'N HELD:** Hoofman Charles Hesselman van die Goragouqua Kulturele Huis (foto inset) was met volle inheemse protokol, wat voldoen aan die eeu-oue rituele, insluitend die lig van die horings en 'n inheemse erewag deur leiers van verskillende Khoi-San stamme in Augustus 2013 in Eersterivier ter ruste gelê. FOTO: Enver Essop



**!NAU OP PNIEL:** Koning Josiah Katz (regs) by die slagting op Pniel in 2009.

# 7 !Nau-seremonies van geboorte tot graf

Daar is sewe !Nau-seremonies wat 'n inheemse mens se lewe kenmerk van die dag wat hul gebore word, tot die dag dat hulle sterf. Dit is:

**Geboorte:** Wanneer 'n kind gebore word, word die aankoms van die nuwe siel gevier met 'n !Nau-seremonie. Soms word daar vir dié geleentheid 'n lam of 'n skaap geslag. Daar word ook boegoe gegooi en hotnotskooigoed gebrand.

**Puberteit:** Tydens hierdie seremonie word die jong meisie en jong man afgesonder. In die geval van jong meisies, in gebiede waar hierdie seremonie nog uitgevoer word, is die gebruik die hokmeisie-seremonie genoem omdat die jong vrou afgesonder word in 'n spesiale huis of kamer.

Hier ontvang sy instruksies van die ouer vroue in die gemeenskap oor haar rol in die samelewing en hoe hulle met ander moet saamleef.

In die geval van die seuns word hul deur ouer mans van die gemeenskap na die veld geneem, soms vir tot twee maande. Hier word hulle raad gegee oor wat van hulle verwag word binne die groter samelewing.

Die ouer garde dra dan ook die kennis van die veld, jagtegnieke, spoorsny en ander belangrike kennis oor an die jong manne. In sekere gemeenskappe is daar ook ander tradisies wat hiermee gepaardgaan.

**Mondigwording:** In sommige Khoi-tradisies vind hierdie !Nau plaas met die aanbreek van die kind se 21ste verjaardag. Die jong man of vrou word alles wat mooi is toegewens vir die toekoms, en word die verantwoordelikheid binne die samelewing weer uitgespel.

**Troue:** Wanneer iemand trou of met 'n gesin begin vind daar 'n !Nau plaas om weer eens die verantwoordelikhede teenoor jou gesin duidelik te maak.

**Verantwoordelikheid teenoor volk:** Hierdie seremonie vind plaas as bewys dat die persoon aanspreeklikheid vir die Khoi-volk aanvaar. Dit is 'n seremonie wat spesifiek plaasvind binne die raamwerk van inheemse strukture, of ander situasies waar die heropbou van die volk of menswaardigheid bespreek word.

**Inswering van Koning stamhoof, hoofvrou of hoofman:** Hierdie is waarskynlik een van die mees belangrikste seremonies. Dit word ook gedoen indien iemand verskillende dienste binne die Khoi-tradisie verrig.

Hierdie seremonie gaan oor die inswering van leiers wat die voortou gaan neem in die stryd om die volk te versterk en op te bou, die taal laat herleef en die kultuur en geestelike beginsels van die volk verdedig.

**Die dood:** Dié laaste !Nau van iemand se leeftyd is die begrafnis, waar die afgestorwene se lewe gevier word.

Hierdie seremonie vorm deel van die proses van afskeid neem, maar binne die inheemse bewussyn word die kulturele praktyke slegs gedoen met die toestemming van die familie en die naasbestaandes, en vind dit eers plaas nadat die godsdienstige begrafnisverrigtinge afgehandel is.

Dan vind hierdie seremonie plaas, slegs nadat die plek gereinig is met die gebed van danksegging aan die Skepper van die heelal, ons Hemelse Vader.

Ná die gebed word boegoewater gebruik om die plek te reinig en dan word spesifieke kruie soos hotnotskooigoed, boege, renosterbos en kruisement gebrand.

Tydens die seremonie word verduidelik dat in die inheemse KhoiSan-kultuur daar nie sprake is van die aanbid van die voorouers



nie, maar dat die afgestorwene teruggegee word aan die Skepper.

Dan word die horings van die !Nau opgelig en die name van helde wat van al vier windrigtings afkomstig was, uitgeroep.

Die kis met die menslike oorskot word dan bedek met 'n karos, gewoonlik dié van 'n tweetand-lam.

Voordat die kis in die graf afgesak word, word daar genesingskruie soos als, wynruit, laventel en kruisement op die bodem gestrooi.

Voor die laaste gebed gesê word is daar 'n uitroep van danksegging, wat die lewe, bydrae en opofferings van die lid of leier vier.


Hierna word die lid of leier se krale gebreek en op die karos gestrooi. 'n Nuutgemaakte stel krale word dan oorhandig aan een van die leiersfigure in die familie.

Die laaste deel is die boog van die lid of leier wat gebreek word en op die karos geplaas word.

Hierna word die pyle oorhandig aan die kind of kinders wat die afgestorwe lid of leier se nalatenskap sal laat voortleef of wat dit sal verdedig.

Nadat die boegoewater gestrooi is – dié keer om respek te toon en om te onthou dat in die Khoi inheemse tradisie die Hemelse Vader die lof en prys kry – word die een wat aan die stuur van die geestelike afhandeling van die begrafnis is, gevra om die verrigtinge met 'n gebed af te sluit.

# !Gâi tse Gûre Koning Katz



ZENZILE KHOISAN

Een van Suid Afrika se grootste inheemse leiers is op 13 Maart deur familie, die dagbestuur van die Katz-Korana Koninklike Huis, asook gemeenskaps- en inheemse leiers van dwarsoor die land, met bittersoet seremonie in Kimberley in die Noord-Kaap ter ruste gelê.

Koning Katz, of Oom Katz, soos hy bekend gestaan het onder diegene wat tyd met hom deurgebring het, en wat dwarsoor die land en in die buiteland met hom gereis het; wat in die veld met hom medisyne gaan grou het of net in ’n voorkamer of langs die vuur met hom gesit en geluister het na sy verhale.

Oom Katz was een van Suid-Afrika se mees bekendste inheemse leiers, ’n ware dienaar van die Khoi en San Eerste Inheemse Nasie in Suid-Afrika.

Die belangrikheid van sy wysheid vir die Noord-Kaap en Suid-Afrika se inheemse volke is erken deur die Noord-Kaapse Provinsiale regering toe die provinsiale minister van sport, kuns en kultuur, Desery Fienies, amptelik die regering se simpatie oorgedra het tydens ’n besoek aan die familie op 10 Maart.

“Die Noord-Kaapse Provinsiale regering is in rou oor die heengaan van Koning Josiah Katz, leier was van die Korana.

“Ons is hartseer oor die dood van ’n leier, wat ’n belangrike rol gespeel het in die bevordering en bewaring van die Korana-stam in Suid-Afrika,” het die Noord-Kaapse regering in ’n verklaring gesê.

Verskeie Khoi en San-strukture het ook hul meegevoel en simpatie met die familie en die Katz-Korana Koninklike Huis uitgespreek.

In tientalle boodskappe het hulle hulde gebring aan die groot leier vir sy standvastigheid en sy dekade lange ononderbroke diens aan die Khoi en San herlewing, wat al sedert die apartheidsjare aankom.

Baie het Koning Katz se passievolle toespraak in 2007 in New York, Amerika, onthou voor die Verenigde Volke se permanente forum oor inheemse sake, asook sy bydrae aan die veldtog om Sarah Baartman se beendere terug te bring en met volle inheemse protokol in Hankey, in die Oos-Kaap, ter ruste te lê.

Koning Katz is op 28 Februarie 1942 op die Pniel-landgoed (wat beteken Gesig van God), naby Barkly-Wes gebore as die seun van Hendrik Katz (jnr) en Margaret “Mamties” Bitterbos. Albei ouers is afstammelinge van die koninklike families van die Korana en die Boesman.

Margaret was die dogter van Lucas en Mita Bitterbos van Pniel en Hendrik Katz (jnr) was die seun van Hendrik Katz (snr) en Dora Nxakas uit die omgewing van Sidney-on-Vaal.

Op 23 Desember 1967 is Oom Katz met Joyce, dogter van Maria en Johannes Abrahams getroud. Uit die huwelik is vier kinders gebore, naamlik Shimida, Deon (wat in 2010 oorlede is), Belinda en Josiah (jnr).

Oom Katz het feitlik geen formele opvoeding gehad nie, maar hy was een van Suid-Afrika se vooraanstaande kenners oor geskiedenis, inheemse medisyne, kultuur en erfenis.

Hierdie borrelende storieverteller en menslike ensiklopedie van erfenis, geskiedenis en kultuur het al op verhoë dwarsoor die wêreld verskyn, waar hy duisende mense toegespreek het oor die tragedie wat inheemse mense en spesifiek die Koranas oorgekom het.

Van hierdie “Ou Rooikat” soos hy homself genoem het, was enige spreekbeurt nie net ’n geleentheid om mense in te lig oor wat in die land gebeur het nie, maar ook ’n kans om hulle lekker te laat lag vir sy sêgoed.

Die simbool van die Katz-Korana stamhuis is die rooikat, en hieroor het Koning Katz graag gepraat.

“Ons is mense van die veld, en daar is ons een met die natuur. Baie van ons mense was jagters, en hier in die Noord-Kaap, waar ons wortels diep gevestig is, het ons die rooikat geïdentifiseer as een van die mooiste en slimste diere. Hy is klein, maar gevaarlik, net soos die Katze,” het die Korana koning tydens ’n onderhoud in 2009 verduidelik.

In 2010 het die Korana-stamhoof die koninklike bloedlyn verteenwoordig by die Khoi-San 500 jaar herdenking-saamtrek by Oude Molen, die Ou Gorinhaiqua-kraal in Kaapstad, waar hy ’n groot bydrae gelewer het in die samestelling van 20 resolusies oor die herstelling van die inheemse volke, die herlewing en erkenning van inheemse tale, die vergoeding vir die roof en plundering van inheemse gronde en die grondwetlike akkommodasie van die Knoi en San.

Oom Katz was baie trots op die geskiedenis van sy bloedlyn en het gepraat met groot opgewondenheid oor sy oupagrootjie, Benjamin Katz, wat die fondasie van hierdie inheemse stamhuis was.

“My oupagrootjie was ’n sterk man wat opgestaan het vir sy mense, en dit was hy wat ons hier kom vestig het nadat hy uit die Oos-Kaap oor die Katrivier na die Noord-Kaap getrek het.”



KONING KATZ EN AUNTY JOYCE KATZ

Oom Katz was veral bitter omdat die regering nie sy familie en die Koranas erken nie en dat hulle nie vergoed is vir dit wat hulle verloor het of wat van hulle weggeneem is nie.

“Ons was eerste hier, voor wit en swart en in die geskiedenis is dit bevestig dat ons voorouers in 1773 van plekke soos Groblershoop tot oor die Langberg getrek het en ons in 1775 in Douglas in die Noord-Kaap kom vestig het.

“Daar moet nog ’n studie gedoen word oor een van my voorouers, Andries Katz, wat in 1802 van Douglas na Rooipoort getrek het, asook oor my pa wat in 1905 op Rooipoort gewerk het. Vyftig jaar later, in 1962, toe hy oud en sieklik was, is hy weggejaag by De Beers, sonder selfs ’n pensioen.

“Die Pniel-landgoed is waar ons gevestig was, maar die Lutherse kerk het tussen 1937 en 1942 die Katz-Koranas uitgedryf, omdat ons nie onderdanig wou wees nie.

“Ons soek erkenning in hierdie land van ons voorouers, maar bo dit alles, wil ons ons grond terugkry. Grond is die eintlike oplossing, sodat die kultuur kan herleef,” het die lieflike Ou Rooikat, Koning Katz, beklemtoon.



**KONINKLIKE EREWAG:** Leiers van Khoi Koninklike huise bied vaarwel aan ’n held.



**FINALE AFSKEID:** Aunty Joyce Katz (derde van regs), word bygestaan deur vriende en family by die graf van haar ontslape man, Koning Josiah Katz.



## Huldeblyk aan My Pa

SHIMIDA KATZ

My pa my rots, my mentor. Die man wat “unconditional love” aan my gegee het. Die een wat my altyd beskerm het en net die beste vir my wou hê.

Die een wat by ons hoogtepunte en laagste punte in ons lewens daar was.

My pa was nie net my pa nie, hy was volksbesit (pa vir duisende in en uit Suid-Afrika). My pa kon met die hoogste mense van aangesig tot aangesig gesels, soos in 2007 toe hy die Verenigde Nasie in Amerika gaan toespreek het oor sy mense.

My pa kon dan ook laag wees en op ’n emmer of verfblik sit en swart tee drink uit ’n blikbeker as dit van hom verwag was.

Met sy sagte stem kon hy passievol oor sy God praat en so ook oor sy Khoi geskiedenis.

Ek onthou die dag toe hy op Fokus met die gevreesde Freek Robenson ’n onderhoud gaan doen het. Ek was vreesbevange, maar met sy sagte geaardheid het hy dit so rustig gedoen.



Shimida Katz

My pa het ook die voorreg gehad om die kis te dra van die oorskot van Saartjie Baardman, wat in Hankey in die Oos-Kaap ter ruste gelê is.

Ek kan ’n boek skryf oor my pa se lewe, maar vir my was hy net my pa. Ons oomblikke van gesels en dan ook die lesse wat ek gekry het uit sy kennis en dan ons twee se koppe stamp oomblikke.

*You were the wind beneath my wings ...*
*How can I fly without my wind?*



**MENSWAARDIGHEID, RESPEK UITEINDELIK GETOON:** Hessekwa-Stamhoof Reggie Boesak (voor) was aan die stuur van die ontvangs-seremonie van die skedel van Koos Sas, wat in die Montagu Museum uitgestal was. In die agtergrond is die sanger en dramaturg, David Kramer, wat by die seremonie sy Balade vir Koos Sas gesing het.

# Koos Sas se gees kan uiteindelik rus

Bykans 'n eeu na sy dood sal Koos Sas se gees uiteindelik tot rus kan kom nadat sy skedel vir dekades op 'n makaber manier in 'n museum ten toon gestel is, langsaan die geweer wat sy dood veroorsaak het.

Die geval van Koos Sas is maar een van talle gevalle van hoe ons inheemse voorvaders onderwerp was aan bespotting, vernedering en barbaarse optrede deur indringers wat hulself as meerderwaardig beskou het.

Hier dink ons veral aan Sarah Baartman wat as 'n frats beskou is en in die 1800s na Parys geneem is waar sy in 'n museum "uitgestal" was sodat mense na haar kon staar.

Sy is as die Hottentot Venus gedoop en selfs na haar dood in 1815 is 'n gips van haar liggaam gemaak, haar skelet verwyder en haar brein en geslagsdele in glashouers geplaas.

Dit was tot so onlangs as 1985 nog in die museum te sien. Inheemse groepe het geëis dat haar oorskot teruggebring na haar geboorteland en in 2010 is sy in Hankey in die Oos-Kaap, waar sy gebore is, herbegrawe. In talle museums regoor die land is daar vandag steeds beendere van ons voorouers wat na hul gesinne terugbesorg moet word.

Op 18 April sal Koos Sas herbegrawe word in Montagu in die Wes-Kaap, nadat die museum in Montagu besluit om sy skedel aan die plaaslike Khoisan-gemeenskap terug te besorg.

Hessequa-stamhoof Reggie Boesak was vir jare aan die voorpunt van die stryd om Sas se oorskot met respek en waardigheid ter ruste te lê.

"Die manier hoe ons voorouers se beendere steeds in museums is, wys hoe ons eerste mense vir eeue sonder menswaardigheid behandel is.

Die teruggee van ons voorouers se beendere sodat dit op 'n menswaardige manier herbegrawe kan word, sal ver gaan om aan inheemse mense te wys dat hulle gesien en erken word.

Die teruggee van Koos Sas se oorskot sal aan inheemse wys dat ons almal saam in vrede met mekaar kan leef," het Boesak gesê.

Hoofvrou van die die Montagu Hessekwa Khoisan, Dulcie Winegaard het haar dank oor die heuglike dag uitgespreek en gesê sy dink die genesing kan nou begin.

"Ek kon die bitternis aanvoel, maar kan nou voel dat die genesing uiteindelik kan begin."

'n Waardige begrafnisplegtigheid word vir 18 April 2021 beplan.

Dit sal gehou word deur die gemeenskap, tradisionele hoofmanne, leiers en verteenwoordigers van die verskillende Khoisan-tradisionele huise en -stamme uit die Montagu-omgewing, en sal volgens die KhoiSan kulturele protokolle en voorskrifte plaasvind.

Die Wes-Kaapse Minister van Sport en Kultuursake, Anroux Marais, het gesê die Provinsie het in 2018 begin met 'n herbegrafnisprogram om die menslike oorskot in museums wat aan haar department verbonde is, aan die betrokke gemeenskappe terug te besorg.

"Vergaderings is reeds sedert 2018 met van verskeie gemeenskappe en belanghebbendes gehou en kan die proses nou begin vir die waardige begrafnis van die menslike oorskot van Koos Sas, wat in die museum in Montague gehou is.

"Museums is nie geskikte instellings om menslike oorskot te hou nie," het Marais gesê.

**Saamgestel deur Debbie Hendriks**

# Sas se dood gebruik om geld in te samel vir wit kinders

Koos Sas is in die vroeë negentigerjare op Touwsrivier gebore, maar was veral berug as 'n skaapdief in die Montagu-omgewing.

Hy het glo gereeld met die gereg gebots en is veral weens skaapdiefstal in hegtenis geneem, maar het dit telkens reggekry om te ontsnap.

In 1917 is hy tronkstraf opgelê vir die moord op Boetatjie Botha. Hy was die seun van ds. D.S. Botha van die NG-gemeente Stellenbosch, wat 'n padstalletjie bedryf het.


Volgens oorvertellings het Sas vir 'n dag daar gewerk voordat hy afgedank is.

Hy het later teruggekom om vir meel te vra en toe Boetatjie omdraai om dit te kry het hy hom glo met 'n swaar voorwerp oor die kop geslaan en sy keel met 'n mes oopgesny. Sas se saak is na 'n hoër hof op Worcester verwys, maar hy het weer uit die tronk ontsnap en op vlug geslaan.

Hy is as voortvlugtige beskou en as sodanig "voëlvry" verklaar, wat beteken dat hy deur enigeen doodgeskiet kon word.

Sas het vir vyf jaar die gereg ontwyk, maar is in 1922 naby Springbok in Namakwaland – sowat 600 km van Montagu doodgeskiet.

Volgens berigte is Sas op 6 Februarie deur 'n lid van die polisie op




Springbok, konstabel Jurie Dreyer, tydens 'n patrollie op die plaas Droodaap buite Springbok herken aan 'n foto wat aan polisiestasies versprei is.

Sas het probeer vlug, maar Dreyer het hom twee dae later, op 8 Februarie, ingehaal en doodgeskiet.

Volgens berigte in onder meer Die Burger en die destydse Landstem, was die dood van so 'n belangrike voortvlugtende moordenaar van 'n predikant se seun groot nuus. Die predikant van die NG gemeente Namakwaland (Springbok), ds. W.P. Steenkamp, en sy seun was onder die nuuskieriges wat na die lyk van Sas kom kyk het.

Die liggaam is toe deur omstanders opgelig sodat ds. steenkamp se seun 'n foto hiervan kon neem.

Hierdie foto is toe deur ds. Steenkamp en sy vrou in poskaartformaat laat druk met die volgende onderskrif daarby:

*Koos Sas, moordenaar van die seun van ds. Botha van Stellenbosch in 1917. Driemaal gevang en driemaal ontsnap, eindelik op 8 Februarie 1922 in die weghardloop doodgeskiet deur poliesman Jurie Dreyer op Droodaap, nabij Springbok, Namakwaland. Opbrings van verkoop hiervan is vir die ACVV in Namakwaland.*

Die ACVV was die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging van die kerk, waarvan mev. Steenkamp die voorsitster was. Die poskaarte se opbrengs sou aangewend word om blanke pleegkinders in Namakwaland te verwyder uit die huise van sogenaamde kleurling-pleegouers.

Nadat Sas begrawe is, het dieselfde ds. Steenkamp toestemming van die destydse landdros verkry om die liggaam op te grawe en het hy na bewering die kopbeen van die oorledene met hom saamgeneem toe hy daarna op Stellenbosch en in Amerika in 'n mediese rigting gaan studeer het.

Na sy terugkeer uit Amerika het hy kort voor sy dood die skedel geskenk aan professor Hercules Brink van die Universiteit van Stellenbosch, wat dit op sy beurt aan die museum op Montagu geskenk het , waar dit daarna in 'n glaskas uitgestal is.

# *Kramer verewig Sas se storie in liedjie, musiekblyspel*


Veertig jaar gelede, in 1981, het die bekende liedjieskrywer en dramaturg David Kramer by die Montagu Museum ingestap en 'n uitstalling gesien van die skedel van Koos Sas en die geweer waarmee hy in 1917 doodgeskiet, langsaan die skedel in 'n glaskas.

Kramer het hierdie uitstalling vreemd en onstellend gevind, veral in konteks van 'n uitstalling net langsaan, ook oor iemand van die omgewing, maar hier was dit uitstalling 'n rugbybaadjie en 'n rugbybal. Die uitstallings het hom bygebly en na sy besoek in 1981 het hy die lied Die Ballade van Koos Sas geskryf

Kramer het na dié besoek die lied Die Ballade van Koos Sas geskryf, en dit in 1983 ingesluit op sy nuwe langspeelplaat Hanepootpad. Twintig jaar later het hy besluit om 'n musiekproduksie te skryf wat hy ook Die Ballade van Koos Sas genoem het. Die produksie het in 2001 by die KKNK gedebutteer en uitstekend gevaar.

Dit is aangewys as die beste nuwe musiekproduksie by die fees en het ook die Herrie-gewildheidsprys gewen. Dit is ook later baie suksesvol in Londen opgevoer.

Volgens die Die Hoorn koerant in Oudtshoorn, het Kramer vertel dat daar oor die jare sprake was dat die skedel begrawe sou word, maar het dit nooit gebeur nie.




Die Balade van Koos Sas is op Kramer se album Hanepootpad opgeneem.

Hy was dus verras toe hy onlangs – nog 20 jaar later – 'n boodskap gekry het dat die skedel in Maart oorhandig sou word aan die plaaslike Khoisan-gemeenskap en dat sy lied oor Koos Sas daar gespeel sou word.

"Toe sê ek dat ek self sal kom en daar sing. En ek is baie bly ek kon dit doen en deel daarvan kon wees.

Ek is ook bly dat ek kon kontak maak met mense uit die gemeenskap.

"Dit was 'n goeie einde. Ek het so 'n lang pad geloop met Koos se storie dat dit al amper by my gespook het."

Kramer sê hy glo die Kollig wat die kunste op die verhaal van Koos Sas laat val het, het daartoe bygedra dat sy oorskot uit die museum verwyder en aan die gemeenskap waaruit hy kom, oorhandig is.

"Dit wys na dekades die invloed van die kunste. Na 2001 toe niks gebeur het nie, het ek regtig gedink niks gaan ooit gebeur nie."

In Kramer se musiekproduksie is Koos Sas 'n opstandige held wat weier om te aanvaar dat die veld waar sy voorouers duisende jare gewoon het, aan iemand anders kan behoort.



# Priestly blessings on Khoi at synagogue

On Wednesday 25 March, the First Nation of Southern Africa, through leaders from its various established houses (pictured above), received a Priestly Blessing from the lineage of Aaron, the first High Priest from the tribe of Levites, conveyed in a moving ceremony, at the Jewish Synagogue in Cape town.

This event was organised by Prince Liefie Leisa, the Royal administration of five of the main tribal houses under various leadership.

These houses included the Waterboer Griqua house; the Links Kammiesberg Nama House; The Katz Korana Royal house Kimberley and Western Cape; the Oubiqua Cape Khoi House and various representatives of the Pofadder Korana House.

Also in attendance was Queen Regina Kekana from the Ndebele people, Limpopo, who graced the First Nation with her honourable presence.

The Priestly blessing, conducted in accordance with the book of Numbers, which was corporately released over the First Nation of Southern Africa, is a specific type of blessing, to be released over the representatives from the next in line to rule the land.

This spiritual action was well received by the First Nation. The Priestly blessing, as it is written throughout the Holy Bible, is very significant for a people chosen to lead, and this exceptional acknowledgement was received and accepted with grace.

The blessing conveyed by the Rabbi was given deeper meaning and significance when more First Nation leadership graced us with their presence during the day, including the leadership of the Western Cape First Nations collective.

A people who acknowledge their Maker and receive in faith according to His principles will rise above all its adversaries.

## Dank Psalm van 'n KhoiSan

### deur Margaret Coetzee

O Vader van ons voorouers
Ons buig ons hoofde eerbiedig voor u neer
Ons dank u vir 'n besondere dag
Waarvoor ons U nie genoeg kan eer.

U het reeds in ons hand gegee
Die Land van ons voorvaders om U te eer
Toe word dit van hul op 'n slinks manier ontneem
So word ons voorouers hul eerstehandsereg ontneem

Hoe jammer dat selfsug die oë verblind
Van vreemdes wat gruwelik ons geboortereg verslind
Ons voorouers se geheue word bykans uitgewis
Met eng geskiedenis verskans, word ons aan slaap gesus

Die vreemdes oorheers pns met Bybel en munt
So word kultuur en Godsdiens bykans verslind
So word ons klein volkie dan spoedig verdring
Want vriende en slawe word land in gebring

Hul hou nie rekening met ons God van weleer
Wat Suid-Afrika gegee het vir die Khoi-San tot sy eer
Die rus van ons voorouers word hierdeur versteur
Want selfs ons natuur roep ons op deur vuurvlamme versteur

In hebsug en selfsug bestaan geen respek
Onskuldiges se bloed moes ons land eers bevlek
God dank ons Verlosser se bloed het steeds krag
Want die Khoi-San staan steeds deur God se Almagtige krag.

Die bloedspore van ons voorvaders is merke gelaat
Waarmee God vir die Khoisan Nasie het grense gelaat
Hy skenk aan elk stam, rivier, berg en dal tot hul mag
Waar elkeen die God van hul Vader ontsag.

Dit is wel versteur deur die vreemdes se mag
Die Khoekhoena is klein maar hul God gee hul Krag
Khoi-San volk wees moedig jul God hou wag
Oor jul land wat Hy jul gegee het met prag

Hul het ons gegee 'n valse ou naam
So onteer hul ons voorouers se naam
Maar die bloed van ons voorouers bevestig die band
Dit hou steeds ons erfenis in God se hand.

## Die St. Blaize-grot

### deur Poem Mooney

Die St Blaize grot gaap oopmond oor die see
die groepie toeskouers onder die oorhangkrans
skamel geklee, staar stomverwonderend, verleë
na die onbekende groot wit voëls
wat stadig oor die voorste baai se waters tree.

Voor die verbaasend oë van Inheemse inwoners
wat moes toekyk hoe vreemdelinge in kleiner
bootjies na die strand toe haas, het hul
uit hoflikheid hierdie swendelaars
desondanks 'n ruilhandel agenda,
met handgeklap en rietfluitspel vermaak
en was hierdie uitvaagsel in die KhoiSan skoot getel
aanvanklik was die musikante op die hande gedra
maar net daarna het chaos uitgebreek
die oorsaak waterstelery wat gelei het
tot 'n vertrouensbreuk.

Toe die Europeërs hul leë watervate vul
sander ontsag vir die bron 'n nabygeleë fontein
het bloed gevloei in 'n skermutseling
oor die beledigende ontwyding
van die KhoiSan Sanctum Sanctorium.

## POSSEËL VIR KRETOA

360 jaar na die aankoms van die Hollanders aan die Kaap,
vereer hulle Kretoa met 'n gedenkseël.

Waar is die sogenaamde filantrope
wat miljoene rande aan die armstes van die armes moet skenk?
nou word die arme filateliste opgesaal met hierdie spesiale posseël,
waarmee hulle uiteindelik die Khoi-Khoi-dame herdenk.

Enige teruggawe soos hierbo gestel, uitbetalings
vir hul gelede skade aangedoen aan die inheemse iwoners van die Kaap,
word weerspieël in hierdie troosprys, meneer.

Wie gaan dus nou na 360 jaar weer die gelde van ons Nagelate KhoiSan-erfenis beheer?

## KARVELE

Toe vreemdelinge oor die uitspansel van diepblou waters kom,
wet die eerste inheemse mense op die strandlyn saamgedrom;
in hul eie taal bespiegel oor die snaakse gesig –
Vreemde voëls wat hulself met tussenposes
uit die diepblou waters lig.
in verwondering het hierdie KhoiSan Aborigenes
wit, vreemde wesens op die snaakse goed gewaar
wat uitbundig na die geelkleur mense, op die Strandlyn staar.
Min het die bewonders van die Suidland toe geweet,
die vreemde mense sou uiteindelik
die vette van die Nuwe land kom eet.

**Uit: KLIPSTAPELS, KhoiSan-Verse deur Poem Mooney**

# Die Handves van Regte

Maart is Menseregte Maand, en vanjaar vier is ons 20 jaar van ons land se Grondwet, wat wyd bestempel word as een van die bestes ter wêreld.

Om onsself te herinner hoe ver ons sedert die apartheidsjare gekom het, plaas ons 'n verkorte weergawe van ons Menseregte.

### Gelykheid (Artikel 9)

Alle mense is gelyk en moet op gelyke wyse behandel word, maar regstellende aksie word toegelaat.

Hierdie is 'n beleid wat ten doel het om die verontregting van die verlede, waar mense onbillik behandel is as gevolg van hul ras of geslag, sowel as bestaande onregte, reg te stel.

### Menswaardigheid (Artikel 10)

Jou waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.

### Lewe (Artikel 11)

Jy het die reg op lewe. Niemand mag jou lewe neem nie, nie eens die staat nie.

### Vryheid en sekerheid van persoon (Artikel 12)

- Jy kan slegs in die tronk opgesluit word vir 'n goeie rede.
- Jy mag nie sonder verhoor aangehou word nie en marteling word nie toegelaat nie.
- Jy het die reg om vry te wees van alle vorms van geweld, selfs in jou eie huis. Dit verhoed dat mense hulle vroue, mans, kinders, nooiens of kêrels mishandel.
- Jy mag nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf word nie. Lyfstraf (soos loesing) word nie in skole of tuistes toegelaat nie.
- Jy het die reg om te besluit of jy wil kinders hê of nie.
- Jy het beheer oor jou eie liggaam. Jy kan nie gedwing word om jou teen jou wil aan mediese of wetenskaplike eksperimente te onderwerp nie.

### Slawerny, knegskap en dwangarbeid (Artikel 13)

Bogenoemde word nie toegelaat nie.

### Privaatheid (Artikel 14)

Jy kan nie deursoek word nie en ook kan jou huis of besittings nie deursoek word nie.

Die regering kan nie op jou besittings beslag lê, jou pos oopmaak of na jou telefoonoproepe luister nie.

### Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening (Artikel 15)

- Jy kan glo wat jy wil en jy kan die godsdiens van jou keuse beoefen.
- Staatsinstellings (bv. skole) kan geloofsspraktyke (soos oggend-biddienste) beoefen, maar mense kan nie gedwing word om dit by te woon nie.
- Jy kan tradisioneel in die huwelik bevestig word of binne die wette van jou geloof, solank hierdie wette nie strydig met die Grondwet is nie.

### Vryheid van uitdrukking (Artikel 16)

Dit word soms "vryheid van spraak" genoem. Almal, insluitend die pers, mag sê, skryf of prente publiseer wat hulle wil. Maar niemand word toegelaat om propaganda te versprei met die oog op oorlog, of om mense aan te spoor om geweld te gebruik nie.

Taal wat beoog is om mense sover te kry om ander mense leed aan te doen as gevolg van hulle ras, etnisiteit, geslag of geloof word nie toegelaat nie.

### Vergadering, betoging, linie-vorming en petisie (Artikel 17)

Jy kan
- vergader met ander mense;
- 'n betoging hou;
- 'n linie vorm; en
- 'n petisie oorhandig.

Maar jy moet dit vreedsaam doen en jy mag nie 'n wapen dra nie.

### Vryheid van assosiasie (Artikel 18)

Jy kan assosieer met wie jy wil. Dit beteken dat jy kan vriende wees met of 'n sakevennoot wees van enigiemand van jou keuse en jy kan vergader of 'n organisasie vorm met enigiemand van jou keuse.




### Politieke regte (Artikel 19)

Indien jy 'n burger is, kan jy
- by 'n politieke party aansluit;
- ander mense aanspoor om by hierdie party aan te sluit; en
- jou eie politieke party stig.

### Burgerskap (Artikel 20)

Jou burgerskap kan jou nie ontneem word nie.

### Vryheid van beweging en verblyf (Artikel 21)

- Jy kan gaan of bly waar jy wil in Suid-Afrika.
- Jy kan Suid-Afrika verlaat indien jy dit so verkies en te enige tyd terugkeer.
- Die regering kan nie jou paspoort wegneem nie.

### Vryheid van handel, beroep en professie (Artikel 22)

Jy kan kies watter werk jy wil doen solank jy oor die kwalifikasies, vaardighede of ondervinding vir die betrekking beskik.

### Arbeidsverhoudinge (Artikel 23)

- Jy het die reg om billik behandel te word in die werksplek.
- Werkers kan vakbonde stig, daarby aansluit en mag staak.
- Werkgewers kan werkgewersorganisasies stig en daarby aansluit.
- Vakbonde en werkgewersorganisasies kan besluit hoe hulle bestuur wil word.

Hulle kan ook met ander vakbonde of organisasies vergader ten einde te beding wat hulle verlang.

Hulle kan hulself ook organiseer om nuwe lede te werf en hulle kan aansluit by federasies bestaande uit ander vakbonde of werkgewers-organisasies.

### Omgewing (Artikel 24)

Jy het die reg tot 'n gesonde omgewing. Die regering moet stappe neem (soos om wetgewing aan te neem) om die omgewing te beskerm.

### Eiendom (Artikel 25)

Jou eiendom kan slegs deur die regering van jou weggeneem word indien
- die wet wat dit toelaat betrekking het op mense in die algemeen en nie net op een groep nie;
- jou eiendom gebruik gaan word vir openbare doeleindes of in die openbare belang (byvoorbeeld, indien die regering 'n dam gaan bou en jou eiendom oorstroom gaan word); en
- jy vir jou eiendom betaal word.

Jy en die regering kan ooreenkom watter bedrag die regering gaan betaal, of dit kan deur 'n hof bepaal word in die geval van 'n geskil.

Hierdie artikel bepaal waaraan 'n hof oorweging moet skenk wanneer dit bepaal hoeveel geld die regering moet betaal.

### Behuising (Artikel 26)

Jy het 'n reg op toegang tot behuising. Jy mag nie uit jou huis gesit word nie en jou huis kan nie gesloop word tensy 'n hof jou saak aangehoor het nie.

"Toegang tot behuising" beteken nie dat jy 'n reg het op 'n huis nie. Dit beteken slegs dat niemand jou kan keer om 'n huis te bekom nie.

As jy alreeds 'n huis besit kan niemand dit van jou wegneem nie. Maar hierdie reg bepaal dat die regering, met die geld wat dit tot sy beskikking het, dit vir mense moontlik moet probeer maak om behoorlike huise te bekom.

### Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid (Artikel 27)

Die regering moet dinge doen, soos om nuwe wetgewing aan te neem ten einde te verseker dat jy toegang het tot
- gesondheidsorg;
- voedsel en water;
- maatskaplike sekerheid, insluitend bystandverlening aan mense wat hulself en hul afhanklikes nie kan onderhou nie.

### Kinders (Artikel 28)

Bykomend tot al die ander regte in die Handves van Regte, het kinders onder die ouderdom van 18 jaar spesiale regte. Dit sluit in, die reg
- op familiesorg of ander sorg wanneer die kind uit sy/haar familie verwyder word;
- op voedsel, onderdak en gesondheidsorg;
- om nie mishandel of verwaarloos te word nie;
- om nie gedwing te word om te werk nie of om werk gegee te word wat nie geskik is vir 'n kind nie;
- om nie aangehou te word behalwe indien dit absoluut noodsaaklik is nie. In so 'n geval moet die kind apart van volwassenes aangehou word;
- op 'n prokureur indien nodig;
- om nie gebruik te word om te veg in die geval van gewapende konflik of oorlog nie, maar om beskerm te word.

### Onderwys (Artikel 29)

Jy het die reg op basiese onderwys met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes in die taal van jou keuse (indien moontlik).

Alhoewel die Handves van Regte nie spesifiseer wat basiese onderwys is nie, is die regering se huidige beleid dat dit basiese onderwysopleiding is tot en met Graad 9 en basiese onderwys vir volwassenes is tot en met vlak 4.

### Taal en kultuur (Artikel 30)

Jy kan die taal van jou keuse gebruik en die kultuur van jou keuse navolg, maar jy moet ander se menseregte respekteer in jou handelinge.

### Kulturele -, godsdienstige - en taalgemeenskappe (Artikel 31)

Gemeenskappe kan
- hulle eie kulture geniet;
- hulle eie godsdiens beoefen;
- hulle eie taal gebruik; en
- hul eie organisasies stig.

Maar hulle moet ander mense se regte respekteer wanneer hulle dit doen.

### Toegang tot inligting (Artikel 32)

Jy het die reg op
- enige inligting wat die regering het; en
- inligting wat iemand anders (soos 'n privaatmaatskappy) het indien jy dit nodig het om een van jou regte te beskerm.

### Regverdige administratiewe optrede (Artikel 33)

Administratiewe optrede (dit is die optrede deur die regering of regeringsdepartemente) moet deur die reg toegelaat word, dit moet billik wees en prosedures moet regverdig wees. Jy kan skriftelike redes aanvra met betrekking tot enige besluit wat deur die regering geneem is, wat teenstrydig is met een van jou regte.

### Toegang tot howe (Artikel 34)

Jy kan 'n regsprobleem besleg deur 'n hof of 'n soortgelyke struktuur.

### Gearresteerde, aangehoude en beskuldigde persone (Artikel 35)

Hierdie artikel sit die regte uiteen wat jy het indien jy gearresteer, aangehou of beskuldig word van die pleeg van 'n misdaad. Dit sluit in:
- om te swyg en nie gedwing te word om 'n skulderkenning te doen nie;
- om na 'n hof gebring te word binne 2 dae van arrestasie.

**BRON:**
Die Suid-Afrikaans Menseregtekommissie (SAMRK)

Lees meer op hul webwerf by: https://www.sahrc.org.za/

**Kontaknommers:**
**Jhb:** 011 877 3600
**Kaapstad:** 021 426 2277